

Maandag 22 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 10:1-18

Fokusgedeelte: Handeling 10:13-15

Christus het die beperkinge tot God weggeneem

Ons is kortsigtig en vasgevang in eie sienings oor die koninkryk van God. 'n Draaipunt, 'n omkering word deur Hom bewerk sodat ons meer en meer sy ewige raadsplan kan raaksien.

Petrus was nie bewus van die kragtige werking van die Heilige Gees in Kornelius se lewe nie. God het die beperkinge teenoor heidene van Kornelius weggeneem. Hy is rein verklaar toe Hy hom in Christus uitverkies, geheilig, het.

Kornelius is deur die Heilige Gees wederbaar en word deur die engel beveel om Petrus te laat haal. Intussen het die Heilige Gees vir Petrus begin oortuig om sy beperkte siening ten opsigte van heidene te verander. Sy honger-wees was 'n middel in God se hand om Petrus vir die goddelike openbaring geskik te maak.

In die visioen van rein en onrein diere waarmee hy gekonfronteer word, leer die Heilige Gees hom om van sy eng Joodse siening af te sien. Hy moes leer om vir die onreine wat God rein verklaar het, plek te maak. Sy gedagtes en lewenshouding moes verander om te doen soos aan hom opgedra is. Petrus het nie besef dat Christus die tradisionele beperkinge oorbrug het nie. Kornelius, in sy hart aangegryp, is in die Christelike kerk ingelyf.

Wanneer die gesante by die huis opdaag, is Petrus reeds deur die Heilige Gees ontvanklik gemaak. Hy verbreek die Joodse gebruik deur die heidene te huisves en saam met hulle te eet. So het God vir Petrus gelei, beweeg om koninkryksgerig sy roeping te vervul.

Net so bewerk die Heilige Gees omkering, verandering van denke sodat ons ook koninkryksgerig dissipels vir Christus maak. Ons moet meer en meer van ons sondige, eiewillige en selfsugtige sienings en houdings vrygemaak word. Genadidlik werk die Heilige Gees hierdie verandering deur die Woord. Ons moet hom toelaat om ons denke nuut te maak.

Sing: Skrifberyming 1-1:1, 7

Ds. WP van der Merwe (Willem) (Emeritus)